# Graad 9 WISKUNDE JUNIE- EKSAMENVOORBEREIDING

Jy het dalk 'n besige skedule, maar wil ook graag akademies goed vaar. Maak elke dag tyd vir **'n halfuur of uur se wisk oefeninge** vir **die twee weke voor die eksamen**, bo en behalwe die wiskunde in die klas gedoen en die wiskunde huiswerk.

Die brein neem toe in krag en effektiwiteit deur die gebruik daarvan. Dit word sterk deur hard te dink. ☺

Gebruik die pers **Eksamenhulp Wiskunde Boek** om voor te berei vir die eksamen: "WISKUNDE GRAAD 9 VRAESTELLE MET OPLOSSINGS." **Doen vraestelle C en D en E** vir die hersieningsprogram.

## ROOSTER:

**Dag 1:** Hoofstuk 1: Telgetalle. (Dit sluit die Finansiele Wiskunde in.) Sien Eksamenhulp: Vraag 1 en Vraag 2, uit eerste vraestel.

**Dag 2:** Hoofstuk 2: Heelgetalle. Sien Eksamenhulp: Vraag 3, uit eerste vraestel.

**Dag 3:** Hoofstuk 3: Gewone breuke PLUS Hoofstuk 4: Desimale breuke. Sien Eksamenhulp, Vraag 4, uit eerste vraestel.

**Dag 4:** Hoofstuk 5: Eksponente. Sien Eksamenhulp, Vraag 5, uit eerste vraestel.

**Dag 5:** Hoofstuk 6: Num en Meetkundige patrone. Sien Eksamenhulp: Vraag 6, eerste vraestel.

**Dag 6:** Hoofstuk 7: Funksies en verwantskappe. Sien Eksamenhulp, Vraag 7, uit 1ste vraestel.

**Dag 7:** Hoofstuk 8: Algebraïese Uitdrukkings. Sien Eksamenhulp, Vraag 8 en Vraag 10, uit eerste vraestel.

**Dag 8:** Hoofstuk 9: Algebraïese vergelykings. Sien Eksamenhulp, vraag 9, eerste vraestel

Doen elke day die volgende 3 stappe, vir een Hoofstuk uit die Wisk handboek:

☞ STAP 1: Gaan deur die teorie van die hoofstuk voordat jy die somme probeer doen.

☞ STAP 2: Doen een voorbeeld van elke stel voorbeelde. Maak die oplossings van die somme heeltemal toe – moet GLAD NIE loer nie, nie eens na die eerste lyntjie van die oplossing nie.

☞ **STAP 3:** Doen die ooreenstemmende oefeninge uit die **Eksamenhulp boek.** Maak seker jou antwoorde is reg – die oplossings is agterin die boek.

☞ **Maak seker dat jy by STAP 3 uitkom!** (As dit die enigste somme is uit die hoofstuk waarby jy uitkom, en jy kry dit reg, het jy GOED gedoen ☺)

Daar is BAIE WERK wat bemeester moet word. Wees positief en vasberade en maak seker jy is behoorlik voorberei as die eksamen aanbreek! *Van* Tannie Nina


**N I N A S N Y M A N**

Dr Maths School of Mathematics

*Email:* nsnyman @vodamail.co.za

**082 745 4462**

**Drmaths.co.za**